

Sondag 28 September

Skrifgedeelte: Openbaring 4:1 – 5:14

Fokusgedeelte: Openbaring 5:5-8

Die Lam van God is waardig om die boekrol oop te maak en daarom loof en prys die hele skepping saam met die kerk van alle eeue Hom

Die boek Openbaring is 'n brief waarin Johannes vertel van 'n visioen wat God aan hom gewys het. Hierdie visioen vertel van die oorwinning wat Christus en sy kerk gaan behaal oor Satan. Daarom bied die boek vertroosting en hoop vir die kerk wat in hierdie bedeling steeds kreun onder die gevolge van die sonde.

In ons teksgedeelte begin Johannes die visioen wat hy gesien het, verduidelik. Al die elemente binne die visioen bestaan nie fisies nie, maar is eerder beelde wat vir ons geestelike waarhede leer.

Hy sien 'n heerlike Gestalte wat op 'n troon sit. Die Gestalte wat op die troon sit, verteenwoordig God die Vader, wat ewig regeer oor alle dinge. Rondom Hom is daar vier lewende wesens en 24 ouderlinge. Die vier lewende wesens het elemente van mense, diere en engele en daarom verteenwoordig hulle die hele skepping. Die 24 ouderlinge verteenwoordig die kerk deur alle eeue. Dink maar aan die 12 stamme van Israel en die 12 apostels.

In die regterhand van die gestalte wat op die troon sit, is daar 'n boekrol wat geseël is met sewe seëls. Die boekrol stel God se ewige plan voor. Die oopmaak en lees van die boekrol stel die openbaring en die uitvoering van God se ewige plan voor. Dit is net Christus, die Lam van God, wat die boekrol kan oopmaak. Hy is die een wat die Vader se ewige plan van oorwinning openbaar en uitvoer. Daarom loof en prys die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge Hom.

Dit is die troosryke boodskap van hierdie visioen! Ons kan met sekerheid weet dat God se ewige plan van oorwinning deur Christus uitgevoer word. Daarom loof en prys ons Hom saam met die hele skepping en die kerk deur alle eeue.

*Sing: Skrifberyming 8 (5-3):1, 2
Ds. FF (Frikkie) Deysel (Venterstad)*